**VRAESTEL 3 VRAAG** **100 punte**

**Ignoreer belasting op toegevoegde waarde en dividendbelasting**

Oneity Bpk ('Oneity') is 'n Suid-Afrikaans-gebaseerde kleinhandel houermaatskappy wat op die Johannesburgse Aandelebeurs (JAB) genoteer is. Die Oneity-groep het 'n aansienlike globale voetspoor bestaande uit 400 winkels in 10 lande en spesialiseer in kleinhandelsektore soos huishoudelike toestelle, meubels en modedrag.

Sleutel inligting wat betrekking het op alle maatskappye in die Oneity-groep:

- Die Oneity-groep berei sy finansiële state voor in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards (IFRSs).
- Die Oneity-groep het IFRS 16 *Leases* vroeg aanvaar vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019 (FJ2019).
- Alle maatskappye het 'n 28 Februarie jaareinde.
- Die aanbiedings- en funksionele geldeenheid van alle maatskappye is die Suid-Afrikaanse rand.

## 1 Beheerstruktuur

Oneity se beheerstruktuur bestaan uit die Direksie, bygestaan deur vier komitees, naamlik die oudit-, vergoeding-, risikobeheer- en nominasieskomitees. Oneity se Direksie het op 28 Februarie 2019 uit die onderstaande individue bestaan:

| Direkteur | Aant. | Amp | Ouderdom | Jaar in amp |
|---|---|---|---|---|
| Mnr A Diddas | 1.1; 1.2 | Voorsitter | 57 | 12 jaar |
| Mnr C Trainer | 1.2; 1.3 | Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) | 55 | 12 jaar |
| Mnr D Jones GR(SA) | 1.2 | Hoof Finansiële Beampte (HFB) en Maatskappysekretaris | 58 | 16 jaar |
| Mnr HI Tech | 1.2; 1.4 | Hoof Bedryfsbeampte (HBB) en Hoof Ouditbeampte (HOB) | 55 | 11 jaar |
| Mnr N Hike | 1.2 | Direkteur Menslike Hulpbronne | 56 | 11 jaar |
| Mnr S Solomon | 1.5 | Nie-uitvoerende direkteur | 60 | 13 jaar |
| Me F Merell | 1.6 | Nie-uitvoerende direkteur | 47 | 1 jaar |
| Mnr A Sics | 1.7 | Nie-uitvoerende direkteur | 62 | 15 jaar |

**Aantekeninge**

1.1 Mnr Diddas besit 15% van die aandelekapitaal in Oneity en is op die 1 Junie 2006 vergadering deur al die lede van die Direksie as die Voorsitter van die Direksie aangestel. Mnr Diddas het tot 1 Maart 2006 as HUB van Oneity gedien. Hy het ook vir 'n paar jaar as die Voorsitter van die Ouditkomitee van Oneity gedien.

1.2 Mnre Trainer en Diddas is al sedert hul universiteitsjare vriende. Hulle maak ook deel uit van die sogenaamde 'Ancient Lads' Klub, 'n naam wat hulle gekry het toe hulle op universiteit was, en waaraan mnre Jones, Tech en Hike ook behoort.

1.3 Mnr Trainer is op 1 Maart 2006 deur Mnr Diddas in die amp van HUB van Oneity aangestel en hy het ook vir 'n paar jaar as lid van Oneity se Ouditkomitee gedien. Mnr Trainer het op verskeie geleenthede aan die Direksie verklaar dat hy geen belang in enige ander maatskappy as Oneity het nie. Nadat die aankoop van UP Appliances (kyk afdeling 2) voltooi is, het dit egter aan die lig gekom dat dit nie die geval is nie.

1.4 Mnr Tech speel 'n belangrike rol in die daaglikse bestuur van Oneity as HBB en het 'n paar jaar lank ook as die HOB van Oneity gedien.

1.5 Mnr Solomon is die HUB van een van Oneity se beduidende verskaffers.

1.6 Me Merell is ŉ ervare ontwerper wat verantwoordelik was vir toesig oor en bestuur van die mode-afdeling van Oneity. Sy het Oneity se diens op 1 Maart 2017 verlaat en as HBB by een van die Oneity-groep se ander filiale aangesluit. Sy is op 1 Maart 2018 deur al die diensdoende lede van die Direksie op daardie datum, as nie-uitvoerende direkteur in die Direksie van Oneity aangestel.

1.7 Mnr Sics dien in die direksies van 12 ander maatskappye van verskeie bedryfsektore, wat hom, na die mening van Oneity se Direksie, ŉ waardevolle bate vir die groep maatskappye maak.

## 2 Verkryging van bates en laste van UB Appliances

Die Oneity-direksie het op 8 November 2017 eenparig besluit om ŉ oorname van UB Appliances ('UBA'), Suid-Afrika se grootste toestelkleinhandelaar, voor te stel. Dit sou Oneity se produkaanbiedings verder diversifiseer en etlike sinergieë wat uit Oneity se goed gevestigde verskafferketting sou spruit, benut. Oneity en UBA het op 19 Desember 2017 ŉ besigheids-verkoopooreenkoms aangegaan.

Voor hierdie oorname was eienaarskap van UBA soos volg saamgestel:

| Aandeelhouers | Aandeelbelang |
|---|---|
| VestBid Bpk is ŉ privaat ekwiteitsfirma met ŉ gediversifiseerde beleggings-portefeulje | 30% |
| Mnr Lace (HBB van UBA) en mnr Trainer (HUB van Oneity) het elk ŉ 35%-ekwiteitsbelang in UBA gehou | 70% |
| | 100% |

***Verantwoording van die verkryging van die bates en laste van UBA***

Die koopooreenkoms het gestipuleer dat gespesifiseerde bates en laste van UBA op 1 Maart 2018 na Oneity oorgedra moes word. Oneity het dus, soos in IFRS 10 *Consolidated Financial Statements* gedefinieer, op daardie datum beheer oor hierdie bates en laste verkry. Die oorname het ook aan die definisie vir verkryging van ŉ besigheid, soos gedefinieer in IFRS 3 *Business Combinations,* voldoen.

Die finansiële rekeningmeester van Oneity het in opdrag van mnr Trainer joernaalinskrywing JNL:NR-458 vir FJ2019 geprosesseer om die verkryging van die gespesifiseerde bates en laste van UBA te verantwoord.


© SAIGR 2019

| JNL:NR-458 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | **Aant.** | **Dt** | **Kt** |
| **Beskrywing van rekening** | **Finansiële staat** | | **R'000** | **R'000** |
| Eiendom, aanleg en toerusting | SvFP | 2.1 | 10 000 | |
| Beleggingseiendom | SvFP | 2.2 | 6 550 | |
| Ontasbare bates: Klandisiewaarde | SvFP | 2.3 | 4 500 | |
| Niebedryfsbates gehou vir verkoop | SvFP | 2.4 | 7 500 | |
| Voorraad | SvFP | 2.5 | 29 700 | |
| Bank en kontant (R14 800 000 – R325 000 – R900 000 – R5 500 000) | SvFP | 2.6; 2.8; 2.9; 2.12 | 8 075 | |
| Reg-van-gebruikbate | SvFP | 2.7 | 1 650 | |
| Ontasbare bates: Werksmag (R3 500 000 + R5 500 000) | SvFP | 2.8 | 9 000 | |
| Aandeeluitreikingskoste | W/V | 2.9 | 900 | |
| Ontasbare bates: Regskoste aangegaan | SvFP | 2.12 | 325 | |
| Wins met winskoopaankoop (balanserende syfer) | W/V | | 9 160 | |
| Huurverpligting | SvFP | 2.7 | | 1 760 |
| Aandelekapitaal (300 000 x R253 (25 300 sent)) | SvE | 2.9 | | 75 900 |
| Voorsiening: Uitverdienbonus[1] | SvFP | 2.10 | | 3 100 |
| Voorsiening: Voorwaardelike betaling[2] | SvFP | 2.11 | | 5 000 |
| Voorsiening: Eis van kliënt | SvFP | 2.13 | | 1 600 |
| ***Verkryging van UBA*** | | | **87 360**[3] | **87 360**[3] |

[1] Eng.: 'Earn-out bonus'.
[2] Eng.: 'Contingent payment'.
[3] Die joernaalinskrywing is korrek opgetel.

2.1 UBA se eiendom, aanleg en toerusting bestaan uit etlike geboue en toerusting en 'n stuk eienaar-besette grond. Al hierdie bates, afgesien van die eienaar-besette grond, is geag op die verkrygingsdatum billik gewaardeer te wees ingevolge IFRS 3. Hierdie eienaar-besette grond word tans vir nywerheidsgebruik gehou, as 'n terrein vir een van UBA se fabrieke. Soortgelyke terreine is onlangs in kantoorgeboue ontwikkel. Daar was op die verkrygingsdatum geen beperkings op die betrokke stuk grond wat sou voorkom dat dit in kantoorgeboue ontwikkel word nie. Die billike waarde van al UBA se eiendom, aanleg en toerusting het op die verkrygingsdatum R10 miljoen beloop (indien die terrein vir nywerheidsgebruik gehou word) en R12 miljoen (indien die terrein in kantoorgeboue ontwikkel sou word).

2.2 Die beleggingseiendom is 'n kantoorgebou wat aan 'n markverwante huurooreenkoms tussen Oneity en UBA onderhewig was. Die huur het op 28 Februarie 2018 tot 'n einde gekom. Oneity het die gebou van UBA vir kantoorruimte gehuur en sal voortgaan om dit vir hierdie doel te gebruik. Die drabedrag van hierdie gebou het op die verkrygingsdatum in die afsonderlike finansiële state van UBA nie wesenlik van die billike waarde daarvan verskil nie.

2.3 Die klandisiewaarde wat erken is, spruit uit 'n vorige besigheidsamevoeging 'n paar jaar tevore tussen UBA en 'n onverwante derde party. Waardedaling is nooit teen die klandisiewaarde afgeskryf nie.

2.4 Die niebedryfsbates gehou vir verkoop bestaan uit 'n fabrieksgebou wat korrek as 'n niebedryfsbate gehou vir verkoop ingevolge IFRS 5 *Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations* geklassifiseer is. Op die verkrygingsdatum was die geraamde koste om te verkoop R250 000 en die billike waarde van die fabrieksgebou R7 500 000. Oneity beoog om die gebou binne 12 maande te verkoop.


© SAIGR 2019

2.5 Die voorraadsaldo word korrek teen die laagste van koste of netto realiseerbare waarde in ooreenstemming met IAS 2 *Inventories* weerspieël en hierdie waarde is by benadering gelyk aan die billike waarde van die voorraad op die verkrygingsdatum.

2.6 UBA se bank en kontant was op die verkrygingsdatum R14 800 000 (gunstige saldo).

2.7 Die reg-op-gebruikbate en ooreenstemmende huurverpligting spruit uit ’n huurooreenkoms tussen UBA en ’n onverwante derde party en die aangetoonde bedrae is op die oorspronklike kontrak gebaseer. Volgens die huurooreenkoms huur UBA ’n aantal gespesialiseerde masjinerie, wat in die verskafferkettingproses gebruik word. Die huurooreenkoms kwalifiseer nie vir die erkenningsuitsonderings wat in IFRS 16 par. 5 gestipuleer word nie. Die oorblywende huurtermyn het op die verkrygingsdatum vier jaar beloop en die korrek berekende huidige waarde van die oorblywende huurbetalings, asof hierdie huur op die verkrygingsdatum ’n nuwe huur was, het R1 850 000 beloop. UBA se huurbetalings is hoër as wat markdeelnemers tans betaal. Die billike waarde van hierdie ‘buitemark’-komponent (Eng.: ‘off-market’) het op die verkrygingsdatum R292 000 beloop.

2.8 Die koopooreenkoms stipuleer dat UBA se sleutelpersoneel en uitvoerende beamptes (’n saamgevoegde werksmag; Eng.: ‘assembled workforce’) na die oorname deur Oneity in diens geneem sou word. Mnr Trainer het hierdie werksmag op die verkrygingsdatum op R3 500 000 gewaardeer. Daar is van Oneity vereis om uitdiensstellingspakkette (Eng.: ‘retrenchment packages’) van R5 500 000 op 1 Maart 2018 in kontant aan die werknemers wat nie na die oorname deur Oneity in diens geneem is nie, te betaal.

2.9 Die aankoopprys is op 1 Maart 2018 met ’n onmiddellike kontantbetaling van R32 400 000 deur Oneity aan UBA vereffen. Oneity het daarbenewens op 8 Maart 2018, 300 000 gewone aandele uitgereik. Oneity het aandeeluitreikingskoste ten bedrae van R900 000 op die uitreikingsdatum aangegaan. Oneity se aandeelprys was op die betrokke datums soos volg:

| **Datum** | **Gekwoteer op die JAB** |
|---|---|
| 1 Maart 2018 | 25 200 sent per aandeel |
| 8 Maart 2018 | 25 300 sent per aandeel |

2.10 ’n Uitverdienbonus (Eng.: ‘earn-out bonus’) van R3 500 000 sal op 28 Februarie 2021 aan mnr Lace betaalbaar wees indien hy tot daardie datum in Oneity se diens bly. Indien hy voor daardie datum bedank, sal die bonus verbeur word. Die billike waarde van die uitverdienbonus is op die verkrygingsdatum betroubaar op R3 100 000 vasgestel.

2.11 Kontantbetalings van R2 500 000 elk is aan mnre Lace en Trainer betaalbaar indien Oneity se prys-verdiensteveelvoud (PV-verhouding) 18 teen 28 Februarie 2021 oorskry. Die billike waarde van hierdie verdere betalings is op die verkrygingsdatum betroubaar as R4 600 000 in totaal vasgestel.

2.12 Oneity het regskoste ten bedrae van R325 000 met die opstel van die koopooreenkoms aangegaan. Dit is op die verkrygingsdatum in kontant betaal.

2.13 Op die verkrygingsdatum is die onderstaande feite uit die konsep afsonderlike finansiële state van UBA vir FJ2018 geïdentifiseer:

- UBA het ’n bedrag van R1 900 000, wat met die ontwikkeling en registrasie van ’n patent vir ’n spesifieke toestel wat die maatskappy gedurende FJ2017 ontwikkel en vervaardig het, as ’n uitgawe verantwoord, aangesien dit nie aan die vereistes vir erkenning as ’n ontasbare bate ingevolge IAS 38 *Intangible Assets* voldoen het nie. Oneity se bestuur het besluit om nie voort te gaan om die patent te gebruik nie. ’n Billike waarde kon betroubaar op die patent geplaas word en het op die verkrygingsdatum R1 200 000 beloop.


© SAIGR 2019

- ʼn Bedrag van R1 800 000 is korrek as ʼn voorwaardelike aanspreeklikheid ingevolge IAS 37 *Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets* openbaar gemaak. Die voorwaardelike aanspreeklikheid spruit uit ʼn eis deur ʼn klant wat na bewering beseer is toe ʼn UBA-toestel gebruik is. Die klassifikasie as ʼn voorwaardelike aanspreeklikheid is gebaseer op die feit dat slegs ʼn moontlike verpligting, soos gedefinieer ingevolge IAS 37 par.10, aan die einde van FJ2018 bestaan het. Hierdie gevolgtrekking was op die verkrygingsdatum steeds van toepassing en korrek aangesien geeneen van die omstandighede wat tot die gevolgtrekking gelei het, verander het nie. Die billike waarde van hierdie voorwaardelike aanspreeklikheid is betroubaar bepaal om op die verkrygingsdatum R1 600 000 te beloop.

## 3 Waardasie van UBA

Oneity wou al die bates en laste van UBA bekom. Toe die aanvanklike koopaanbod dus aan UBA gemaak is, het die Finansiële Bestuurder van UBA gevolglik ʼn prys-verdienste- (PV-) waardasie gemaak om te bepaal of die prys wat aangebied is, billik was.

Die waardasie is gemaak deur Oneity se PV-verhouding van 17,5 aan die einde van FJ2018 toe te pas op UBA se FJ2018 na-belaste verdienste. Die PV-verhouding is verminder vir die feit dat UBA nie ʼn internasionale maatskappy is nie. Die sinergieë wat van die oorname verwag is, is in ag geneem.

Besonderhede van die waardasie wat uitgevoer is:

| **PV-waardasie op 28 Februarie 2018** | |
|---|---|
| | **R'000** |
| Wins na belasting | 5 164 |
| Aangepas vir na-belaste rente op aandeelhouerslening | 201 |
| Na-belaste verwagte sinergieë | 1 200 |
| Volhoubare verdienste | 6 565 |
| | |
| Waarde van 100% van besigheidswaarde deur 16,5 aangepaste PV-verhouding te gebruik | 108 323 |
| Min aandeelhouerslening | (2 732) |
| | 105 591 |
| Premie vir meerderheidsaandeel | 10 559 |
| Waarde van 100% ekwiteit | 116 150 |

## 4 Vrye kontantvloeiwaardasie

As gevolg van kommer wat deur die aandeelhouers van UBA uitgespreek is, het die Direksie besluit om te ondersoek wat die vrye kontantvloeiwaardasie van UBA soos op 28 Februarie 2018 sou gewees het. Daar is besluit dat die beginpunt ʼn konsep kontantvloeistaat van UBA met projeksies van toekomstige kontantvloei tot FJ2021 moet wees. Dit is voorgelê op die grondslag dat UBA nie deur Oneity bekom is nie, en met sy normale bedrywighede voortgegaan het. Al hierdie projeksies is gemaak voor enige besluit of oorweging om UBA te verkoop, plaasgevind het.


© SAIGR 2019

| UBA<br>Verkorte kontantvloeistaat vir die jaar geëindig/eindigend | Aant. | FJ2018 | FJ2019 | FJ2020 | FJ2021 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Werklik | Voorspel | | |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Kontant gegenereer deur bedrywighede voor veranderinge in bedryfskapitaal** | 4.1 | 7 700 | 8 705 | 9 748 | 9 942 |
| Veranderinge in bedryfskapitaal | | | | | |
| Handelsrekeninge ontvangbaar | | (476) | (442) | (478) | (516) |
| Voorraad | | (908) | (884) | (955) | (1 032) |
| Handelsrekeninge betaalbaar | | 340 | 663 | 716 | 774 |
| **Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | 6 656 | 8 042 | 9 031 | 9 168 |
| Netto belegging in eiendom, aanleg en toerusting | 4.1 | (2 320) | (2 400) | (15 700) | (3 000) |
| Opbrengs uit verkoop van vaste bates | 4.1 | 10 000 | 7 500 | 0 | 0 |
| Uitkering aan aandeelhouers | 4.2 | (1 291) | (1 413) | 0 | (1 625) |
| Netto styging/(daling) in kontant en kontantekwivalente | | 13 045 | 11 729 | (6 669) | 4 543 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar** | | 1 755 | 14 800 | 26 529 | 19 860 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar** | 4.3 | 14 800 | 26 529 | 19 860 | 24 403 |

**Aantekeninge**

4.1 Die onderstaande items is ingesluit in die werklike en geprojekteerde verdienste van UBA voor rente en belasting (VVRB) (Eng.: 'earnings before interest and tax' (EBIT)):

| | Aant. | FJ2018 | FJ2019 | FJ2020 | FJ2021 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Werklik | Voorspel | | |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Waardevermindering | | (3 200) | (3 300) | (3 300) | (3 600) |
| Wins met verkoop van vaste bate | 4.1.1 | 684 | 0 | 0 | 0 |
| Borgskap van Olimpiese span | 4.1.2 | 0 | 0 | 0 | (2 000) |
| Koste met verkoop van fabrieksgebou | 4.1.1 | 0 | (250) | 0 | 0 |
| Huurinkomste: Beleggingseiendom | | 720 | 785 | 855 | 932 |

4.1.1 Wins uit die verkoop van 'n vaste bate hou verband met 'n pakhuis wat op 30 April 2017 teen 'n bedrag van R10 miljoen verkoop is. UBA se bestuur het besluit om die R10 miljoen opbrengs uit die verkoop van die pakhuis in FJ2018 te gebruik om die aankoopprys van 'n vervangingsgebou te vereffen, en hierdie bedrag nie vir bedryfsaktiwiteite te gebruik nie (die bedrag is by UBA se kontant- en kontantekwivalentesaldo aan die FJ2018 jaareinde ingesluit). UBA sal die vervangingsgebou eers in FJ2020 teen 'n koste van R13 miljoen aanskaf. UBA het hierdie vervangingsgebou sedert 1 Mei 2017 op 'n maand-tot-maandbasis teen 'n koste van R90 000 per maand gehuur. Daarbenewens is daar 'n fabrieksgebou wat met verkyging as 'n niebedryfsbate gehou vir verkoop geklassifiseer is (kyk punt 2.4 onder afdeling 2). Die bedoeling is om die fabrieksgebou binne 12 maande (dus gedurende FJ2019) te verkoop. Geen ander groot kapitaaluitgawes, afgesien van roetine-instandhouding, word in die nabye toekoms verwag nie.

4.1.2 Die borgskap van die Olimpiese span hou verband met 'n besluit wat gedurende FJ2018 geneem is om die Suid-Afrikaanse atlete wat sal deelneem aan die Olimpiese Spele wat in Julie 2020 deur Japan aangebied sal word, te borg.


© SAIGR 2019

4.2 UBA keer gewoonlik 25% van sy wins na belasting aan die aandeelhouers uit. Weens die beplande aankoop van die vervangingsgebou is daar egter besluit om nie enige wins in FJ2020 uit te keer nie.

4.3 Surplus kontant word in 'n geldmarkrekening wat rente teen 7% per jaar verdien, gedeponeer. Alle rente-inkomste wat vir FJ2019 tot FJ2021 geprojekteer word, hou verband met die surplus kontantsaldo's.

4.4 Die onderstaande rente-inkomste en finansieringskoste is by die werklike en voorspelde kontantvloei ingesluit:

| | **FJ2018** | **FJ2019** | **FJ2020** | **FJ2021** |
|---|---|---|---|---|
| | **Werklik** | **Voorspel** | | |
| | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| Rente-inkomste | 700 | 1 225 | 315 | 315 |
| Finansieringskoste | 1 655 | 1 655 | 1 655 | 1 655 |

Voor die oorname plaasgevind het, het UBA 'n jaarlikse groei van 5% in vrye kontantvloei na FJ2021 verwag. Daar is verwag dat hierdie groeikoers na die oorname as gevolg van 'n groter markaandeel op grond van Oneity se goed gevestigde verskafferkettings so hoog as 7% kon wees.

**5 Bykomende inligting**

- Alle eiendom-, aanleg- en toerustingitems word volgens die kostemodel ingevolge IAS 16 *Property, Plant and Equipment* verantwoord.
- Alle ontasbare bates word volgens die kostemodel ingevolge IAS 38 verantwoord.
- Alle items van beleggingseiendom word volgens die billike waarde-model ingevolge IAS 40 *Investment Property* verantwoord.
- Oneity se geweegde gemiddelde koste van kapitaal (GGKK) is ongeveer 11,97%.
- UBA se GGKK is ongeveer 12,93%. Dit is geraam deur gebruik te maak van die koste van die ekwiteit van 'n internasionale toestelkleinhandelaar, Bafa Bpk, en die syfer vir risiko's spesifiek aan UBA en die feit dat UBA 'n privaat maatskappy is, aan te pas.
- UBA se na-belaste koste van skuld is redelik naby aan sy GGKK.
- UBA het aan die einde van FJ2018 'n totaal van R15 miljoen in rentedraende skuld gehad.
- Vir alle finansiële jare onder oorweging was die korporatiewe belastingkoers van toepassing op alle maatskappye 28% en alle kapitaalwinste word belas teen 'n effektiewe koers van 22,4%.


© SAIGR 2019

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JUNIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 3**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

<table>
<tr><th colspan="2" rowspan="2">VRAESTEL 3 DEEL I VERLANG</th><th colspan="2">Punte</th></tr>
<tr><th>Sub-totaal</th><th>Totaal</th></tr>
<tr><td>(a)</td><td>Bespreek enige bekommernisse wat jy moontlik het oor Oneity se toepassing van die beginsels en praktyke van die King IV Kode™.<br><br>Beperk jou bespreking tot die inligting verstrek in afdeling 1, Beheerstruktuur, van die scenario.<br><br>Kommunikasievaardighede – logiese beredenering</td><td>29<br><br><br><br>1</td><td><br><br><br><br>30</td></tr>
<tr><td>(b)</td><td>Bespreek enige bekommernisse wat jy het in verband met die erkenning en meting van die verskillende elemente in die rekeningkundige inskrywing (JNL:NR-458).<br><br>Verstrek redes om jou kommer te staaf asook aanbevelings oor hoe om die aangeleentheid korrek te verantwoord.<br><br>Ondersteun jou bespreking met berekeninge waar van toepassing.<br><br>• Ignoreer die inligting in afdeling 3.<br>• Ignoreer belasting.<br>• Daar word nie van jou verlang om –<br>    o na die Konseptuele Raamwerk te verwys;<br>    o die klandisiewaarde-/wins met winskoopaankoop-berekening weer uit te voer; of<br>    o regstellende joernaalinskrywings te verstrek nie.<br><br>Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse; toepaslike styl</td><td>34<br><br><br><br>2</td><td><br><br><br><br>36</td></tr>
<tr><td colspan="2">Totaal vir deel I</td><td></td><td>66</td></tr>
</table>


© SAIGR 2019

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JUNIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 3**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAESTEL 3 DEEL II VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (c) | Evalueer en lewer kommentaar oor die PV-waardasie wat tydens bepaling van die waarde van UBA deur die finansiële bestuurder uitgevoer is. | 11 | |
| | Moenie die berekeninge of die PV-waardasie weer uitvoer nie. | | |
| | *Kommunikasievaardighede – toepaslike styl* | *1* | 12 |
| (d) | Gebruik die vrye kontantvloeiwaardasiemetode om die ekwiteitswaarde van UBA soos aan die einde van FJ2018 te beraam asof die verkryging deur Oneity nie plaasgevind het nie. | 21 | |
| | Verskaf die sleutel aannames wat jy gebruik het om jou waardasie uit te voer. | | |
| | *Kommunikasievaardighede – toepaslike styl* | *1* | 22 |
| **Totaal vir deel II** | | | **34** |
| **TOTAAL VIR DIE VRAAG** | | | **100** |


© SAIGR 2019